

Aurelius Augustinus – 'n Kwajong word kerkvader (deur N van der Merwe 2009)

Vervolg van verledede week

Sonde en genade

Calvyn het oor die leer van die sonde en genade ook baie by Augustinus geleer. So behandel Calvyn: die verdorwenheid van die menslike natuur, die onmag van die mens wat in sonde geval het om die goeie te doen, die verkiesende genade van God, die feit dat die genade van God nie deur die mens weerstaan kan word nie. En telkens verwys hy na Augustinus en vind steun vir sy eie argumente by hom. Baie duidelik blyk dit dat Calvyn nie lukraak, so terloops, hier-en-daar uit die werke van Augustinus aanhaal nie. Hy doen dit met sorgvuldigheid. Soms baie uitvoerig. Calvyn het Augustinus se werke geles en gebruik met die besef dat die kerkvader ook in sy gedagtegang 'n ontwikkeling deurgemaak het. Deur die jare heen was daar by Augustinus ook groei en groter helderheid oor sake. Calvyn het groot waardering vir die optrede van Augustinus teen die ketter Pelagius. Hy prys Augustinus dat hy die kerk gesuiwer het van die wêreldse gedagtegang van die vrye wil van die mens wat toentertyd aan die orde van die dag was. Toe Calvyn hom moes verweer teen die teoloë van die Sorbonne en Pigijs het hy hom voorgeneem om in dieselfde spoor as Augustinus met hierdie saak te gaan. Calvyn beskou hierdie manne ook as 'nuwe Pelagiane' en voel hom, in sy stryd teen hulle, één met Augustinus. Meer as een keer meld hy dat Augustinus volledig "aan ons kant staan".

Calvyn het ook nie gehuiwer om van Augustinus te verskil en kritiek daaroor uit te spreek nie. Calvyn meen dat Augustinus hom soms skuldig gemaak het aan ongeoorloofde spekulasies, soos dit blyk uit die saak van die Goddelike Drie-eenheid. Hy verskil ook radikaal van Augustinus se opvatting oor die aard van die sonde, die noodsaaklikheid van die kinderdoop, die posisie van die biskop as opvolger van die apostels en 'n paar ander sake. Hieruit is duidelik dat die hervormers in hulle beroep op Augustinus nie klakkeloos en kritiekloos te werk gegaan het nie. Aan Augustinus is nie die laaste en beslissende woord gegee nie. Vir hulle moes dit te alle tye en onder alle omstandighede die Woord van God wees. Aan die Bybel moes die opvattinge van Augustinus elke keer getoets word.

Augustinus se ryke betekenis

Wie 'n oog vir Augustinus se invloed op die kerkhervorming het, kom tot die konklusie van water invloedryke betekenis hierdie kerkvader het selfs 1200 jaar nadat hy geleef het. In Augustinus het ons dus nie te doen met menslike vermoë nie, maar met Gods genade. Gesien teen die agtergrond van Augustinus se aanvanklike lewenswyse blyk dit baie duidelik dat die sukses en invloed in sy lewe alleen deur die krag van die Heilige Gees moontlik was. Daarom dat hy kon se: Die hart vind slegs rus as dit rus vind in God. SLOT

03/02– Elsabe Coertze 0828548236	06/02– Elise Schmidt 0829245456
03/02– Wynand du Plessis 0829696845	07/02– Alet Smith 0764735553
05/02– Henriette Putter 0834159241	<i>Mag u ryklik geseënd wees met goeie gesondheid, liefde en vreugde die hele jaar deur</i>

Baie geluk met u verjaarsdag

Die slegte ambagsman beveel sy werk aan; goeie werk beveel sy ambagsman aan – CJ Langenhoven

Die Krugertjie



Gereformeerde kerk Pretoria(d)

www.gkpretoria.org.za OF

www.gk-pretoria.weebly.com

Kerkkantoor Sr. Amanda Tromp

0123262290 (8h00-13h00 Weekdae)

E-pos: kantoor@gkpretoria.org.za Faks: 0123265287

Skriba: Oudl. Andries du Plessis 0123268154

Koster en attes-skriba: Oudl. Flip Minnaar

012- 3233194

Kassier: Oudl. Frik Eloff: 0825790745

Kerk bankbesonderhede: ABSA- 040340106

Voorsitter diakonie-Diak Henry Foster 0823772108

Orrelis: Sr. Hannetjie Bezuidenhout : 0837415173

02 Februarie 2014

EERSTE EREDIENS—(9h00)

Skriflesing: Esegjël 25:8-11;

Numeri 22:1-6; 25:1-5

Teks: Esegjël 25:8-11

Sing: Ps. 48:1; Ps. 75:1,5; Ps. 104:1,2,7;

Ps. 106:12

JUDA IS SOOS AL DIE NASIES

Wat het Moab gevaarlik gemaak?! Wat maak dat ons die Moabitiese tendens ook in ons tyd waarin ons leef moet kan onderskei.

Die Moabitiese tendens kom in wat 'n baie onskuldige uitspraak lyk te wees, maar dit is uiters gevaarlik wanneer daar vanuit Moab gesê word- *Kyk, die huis van Juda is soos al die nasies—* Moab het vir Israel gesê daar is niks wat julle anders maak nie.

KATKISASIE— Katkisasie gaan normaal voort

Katkisasie lesse vir Laerskool op internet beskikbaar by <http://bit.ly/JQjBz4>

TWEEDE EREDIENS— (ná katkisasie)

Skriflesing: Deuteronomium 6:13;

Psalm 24; Mattheus 5:33-37; 26:57-68

Kategismus— Sondag 37

Teks: Psalm 24:4; Mattheus 26:63-64

Sing: Ps. 48:4; Ps. 86:3; Ps. 89:3,17

WANNEER DIE EED TER

SPRAKE KOM

Ons wat uit die Koninkryk van God moet lewe, ons eed moet ook 'n koninkryk saak wees.

Die eed moet ons daarom ook spaarsamig gebruik, want die koninkryk is 'n spaarsamige saak, die koninkryk moet gesoek word, dit is nie somer oral te vinde nie.

Ons wat bereid is om die Here se koninkryk te soek, laat ons ook teen die wêreld sweer dat ons kinders van God is. Ons moet dit tot eer van God kan doen, want ons weet Hy is die Kenner van ons harte.

Preke vanuit verskillende Bybelboeke kan elektronies afgelaai word by <http://bit.ly/XmtQM2>

Eredienste in klank kan geluister word <http://bit.ly/Tetto1>

Ds. Petrus is betrokke by 'n Psalm projek, om soveel as moontlik preke oor die Psalms uit te gee.

Bekend as Bruilofsliedere vir die Messias. Die preke oor die Psalms wat reeds beskikbaar is, kan gelees word by <http://bit.ly/12P9mzH>

Predikant:
Ds. Petrus Venter
012- 3356130
0847042348 (P) 0845119620(C)
pjventer@gkpretoria.org.za
9 de Laan 880
Wonderboom-Suid
www.gk-pretoria.weebly.com

Diensbeurt: (sluit in susters se skink beurte)
Vandag-Wyke 20 en 21
Ouderlinge: Willem du Plooy (sr.)
Diakens: Henry Foster en Eugene Koole

Volgende Sondag (09/02) – Wyke 22 en 23
Ouderlinge: Koos Venter
Diakens: Michiel Venter

DRA MEKAAR SE LASTE EN

DEEL MEKAAR SE VREUGDES...

Br Riaan du Plessis en gesin en familie bid ons die trou van die Heilige Gees toe na die dood van **br Duppie du Plessis**. Die begrafnis was Woensdag. Die ouers van **sr Magda du Plooy** wat albei in in Steve Biko hospitaal is, word aan die genadetroon van die Here opgedra. Beide het groot terugslae gehad en ons gebed is dat die Here hulle en hulle kinders en families in die tyd naby sal wees. **Sr Marietjie Minnaar** wat onlangs in Rustenburg geval en seergekry het, is ons dankbaar om merk-bare beterskap te mag sien. Ons vertrou dat sy spoedig volkome mag herstel. **Sr Ria Fanoy** moet eersdaag weer operasie aan haar voet ondergaan. Ons gebed is dat dit geseënd en n sukses mag wees. **Sr Connie Buys** wie se gesondheid nie goed is nie word aan die genadetroon van die Here opgedra. **Sr Ann van der Merwe** het merkwaardig verbeter. Ons is die Here dankbaar vir die wonder wat by haar plaasgevind het. **Br Kallie Tromp** word steeds in ons gebede aan die genadetroon van die Here opgedra. Ons is dankbaar dat hy weer op voltydse basis by Jubileum kan aanbly. **Sr Cora Kruger** bly ook in ons gebede na sy in haar hoë ouderdom groot terugslae gehad het. Haar liggaamskragte is min. **Sr Rina Aucamp** bid ons die Here se krag en genade toe. Sy gaan baie dae deur swaar beproewing. Ons dink ook aan oom Louw en die kinders wat haar so getrou moet bystaan. **Br. Jurie Malan** wie se kragte min is en hy baie verswak het vra ons dat ons opnuut vir hom sal bid. **Sr Anna Eloff** is nog in Bly-Moedig –kliniek. Ons dink ook aan haar. Gelukwense aan **br en sr Reuben en Mineze Grobler** wat Saterdag 25 Jan in die huwelik bevestig is. Mag hierdie huwelik geseënd wees en hulle lank gelukkig saam mag wees.

SUSTER SAAMTREK 2014
Dit is al weer sulke tyd! Vanjaar se saamtrek van susters vind DV op 8 Maart 2014 plaas. Dit word aangebied deur die Gerf kerk Lyttelton. Die spreker sal wees Hettie Britz, plek is NG Kerk Raslouw Eldoraïne. Koste is R100 per persoon. Kontak sr Christine om u name op te gee vir almal wat graag die saamtrek die jaar wil bywoon.

MENS WAAROM LYK DIE WêRELD-SO?
Br Morné Diedericks kom praat met ons hieroor op 22 Feb. 2013 by ons oop-gesprek geleentheid hierdie kwartaal. Tyd 9h30. Waarlik iets om na uit te sien!

KOLLEKTE

Vandag: 1ste diens	DVB	Zambië
2de diens	DVB	Intand-houding
09/02/2014 1ste diens	DVB	Teologiese Studentekas
2de diens	DVB	Intand-houding

DAGBOEK

DATUM	GEBEURTENIS
7-9/02	Belydenis-katkisante kamp
11-12/02	Belydenis-katkisante ondervraging
13/02	Oudl-vergd
16/02	Voorbereiding
23/02	Nagmaal en Nabetragting

SUSTERS EN PAUL KRUGER - KINDERHUIS

Ons vra steeds vir onbederfbare produkte en blikkieskos vir die kindershuis. Help aub hiermee deur in die karton-houers by kerk se ingang van hierdie produkte te plaas. Diegene wat getrou hiertoe bydrae word bedank. Daar het deur die jaar heelwat produkte op die manier hulle weg na die kindershuis gevind.

Ons vestig ook u aandag op die SMS-nommer. Tik die woord PKK en SMS dit na 41092. Met elke SMS maak u 'n R25-00 bydrae.

Die susters bedank almal vir hulle donasies in susters se donasiekas by die teeskink....

SUSTERS RESEPTEBOEK

Die susters wil graag vroeg in hierdie jaar die resepteboek laat verskyn.

Indien daar nog iemand is wat resepte wil ingee moet u dit asseblief vir die einde van Januarie aan sr Anria Möller gee. Haar e-posadres is anria_m@yahoo.com. Sy kan gekontak word by 0273731597.

HARTKLOP-FEES

Dit vind DV op 15 Maart 2014 plaas, ten bate van die Pres Kruger Kinderhuis. Alle inligting is op kennisgewingbord. Kaartjie is by itickets beskikbaar. U kan ook met sr Retha v/d Merwe hieroor praat. Ons kan in hierdie kinders se lewens 'n verskil maak!

DIE EVANGELIE: MATTHEÛS

Vervolg van verede week

MATTHEÛS 10

10:2-4, Apostel – Hierdie woord, wat 'n ampstittel geword het, beteken "uitgestuurdes" en ook "afgevaardigde". Dit wys op iemand wat vir 'n bepaalde taak afgesonder is.

name van die twaalf Apostels – Dit lyk asof nie almal onder ander name ook bekend was nie. Simon is later net Petrus genoem. Bartholomeüs beteken "seun van Tholmai", en was Nathaniël. Dat Mattheüs na homself verwys deur te noem dat hy 'n tollenaar was, kan slegs bedoel word vir uitkenning. Tog is dit moontlik dat hy dankbaar daaraan dink dat hy deur Christus verlos is uit 'n ergerlike lewe.

Blykbaar was Lebbeüs se tweede naam (of "van") Thaddeüs, en hy is aan ons meer bekend as Judas, seun van Jakobus. Simon "Kananites" se tiperende naam kom waarskynlik van die Aramese woord *kan'an*. Dit weer – so word vermoed – kom ooreen met die Griekse woord *zelotes* (Yweraar). Dus: Simon die Yweraar.

10:5, moenie gaan – Waarom kom die eerste bevel om net onder die Israëliete die Evangelie te verkondig ? In Rom 11 word oor hierdie saak gepraat. Israel moes "eerste kans" kry, en uit die groot deel van hulle wat Christus verwerp het, groei die verdere bevel (Mark 16 en Hand 1) om nou aan alle nasies te gaan verkondig.

Die Dissipels was op daardie stadium nie naastenby gereed vir die uitdaging om na die heidene te gaan nie. Ten spyte van heidene wat in Jesus se tyd al geglo het, en die eersteling (soos die hoofman Cornelius – Hand 10), was alles nog nie gereed nie. God het die werklike "heidene-apostel", Paulus, ook eers oor bykans veertien jaar voorberei vir die taak. Daar is ander voorbeelde dat die Evangelie wel na die heidene sou kom, soos die Samaritaanse vrou (Joh 4).

10:6, verlore skape – Eintlik sluit hierdie woorde alle Israëliete in. Die leiers was immers voorlopers in dwaling. Die gelykenis van die verlore skaap moet veral gesien word as 'n aanval teen die Fariseërs wat afgedwaaldes net

veroordeel en vermy het. Daarteenoor moet die Apostels en daarna alle gelowiges met Israel bly praat, maar uiteindelik kom die verkondiging aan die heidendom aan die beurt.

Die uitstuur na die verlore skape moet verbind word met Jesus se medelye met die gelowiges onder Israel wat soos skape sonder herder was

10:7, koninkryk – Die aanduiding, "van die hemele" sê alles. Christus se Koninkryk is nie van hierdie aarde nie. Dit bestaan egter wel in die burgers daarvan, wat nog in hierdie lewe is. Dit dui ook aan dat die Messiaanse se tyd aangebreek het.

10:8-10, verniet moet julle dit gee – Alle gelowiges word deur Christus vermaan om hulle nie onnodig te bekommer oor die aardse dinge nie. God sal versorg na die mate wat vir elkeen bepaal is. Veel meer moet die draers van die Woord hulle in God se hande plaas. **Die Evangelie mag ook nie vir geldelike gewin verkondig word nie.** Dit word egter 'n taak van die gelowiges:-

Totius wys daarop dat gedeeltes soos hierdie gebruik word om te sê dat leraars nie "vergoed" moet word vir hulle werk nie. Wat sê die Bybel (in verband geneem) hieroor ? In Luk 22:35-36 word hierby gesê: "Maar nou, wie 'n beurs het, laat hom dit neem en so ook die reissak . . .", ens. Die bedoeling is dat die gelowiges vir die diens van die Woord moet sorg. 1 Kor 9:1-14 en Gal 6:6-8 mag nie los gemaak word van die opdrag aan die Apostels nie: die wat in die Woord onderwys ontvang, moet van die goeie dinge meedeel aan die wat die onderwys gee.

Die priesters en Leviëte moes deur Israel onderhou word. Die wat die Heiligdom bedien het, moes uit die heiligdom eet. Wie dien as soldaat op eie koste ? Die wat 'n wingerd plant of beeste oppas, mag tog van die opbrings eet. Paulus haal Deut 25:4 aan, dat jy 'n os wat graan dors, nie mag mulband nie – hoeveel meer geld dit nie van 'n mens wat die Woord bring nie ? "Die arbeider is sy loon werd" (1 Tim 5:18).

Word vervolg

HIERDIE MAAND/E IN DIE GESKIEDENIS-

1 Feb. 1873– Geboortedag PGW Grobler; *2 Feb. 1858–* Die ZAR se grondwet aanvaar Potchefstroom as hoofstad en Pretoria as setel van die regering; *3 Feb. 1922–* Genl. CR de Wet oorlede; *4 Feb. 1838–* Sluiting van traktaat met Dingaan; *4 Feb. 1910–* Uys Krige gebore; *6 Feb. 1838–* Piet Retief en andermanskappe deur Dingaan vermoor; *7 Feb. 1959–* Dr. DF Malan oorlede; *9 Feb. 1941–* Ds. JD Kestell oorlede; *10 Feb. 1859–* Byeenkoms van eerste Gereformeerdes in Rustenburg; *11 Feb. 1858–* Eerste Geref. Kerk, Gerf kerk Rustenburg gestig; *12 Feb. 1880–* Ermelo deur ds. Frans Lion Cachet as dorp gestig; *12 Feb. 1972–* Dr. AD Keet oorlede; *13 Feb. 1858–* ZAR se eie grondwet, vlag en wapen amptelik in gebruik geneem; *14 Feb. 1687–* Eerste hoeksteen van die NG kerk Stellenbosch word gelê; *16 Feb. 1905–* Die Teol. Skool word van Burgersdorp na Potchefstroom verskuif; ; *16 Feb. 1838–* Dr. Arnoldus Pannevis gebore; *16 Feb. 1915–* Geboortedag van Elizabeth Eybers; *18 Feb. 1546–* Martin Luther oorlede; *21 Feb. 1877–* JD du Toit (Totius) gebore; *22 Feb. 1857–* Grasdak kerk waaraan Kerkplein in Pretoria sy naam ontleen word in gebruik geneem